**Vrydag 13 Maart**
**Skrifgedeelte: Job 42**
**Fokusgedeelte: Job 42:12 (AFR53)**
**Omdat God barmhartig is, is my einde meer geseën as my begin!**

Die boek Job eindig op ’n hoogtepunt. God antwoord uiteindelik vir Job. Ons weet hoedat Job alles verloor het en hoedat sy vriende aangehou het dat hy sekerlik vreeslik moes gesondig het om so gestraf te moes word. Job het egter aan God bly vashou. Sy vriende was verkeerd: lyding is nie altyd die gevolg van ’n spesifieke sonde nie.

Job het God nou self leer ken as Iemand wat onverstaanbaar en onverklaarbaar hoog en heilig is. Nou kon Job rustig raak, want hy het besef: God se optrede kan ons nooit ten volle verklaar nie. Ons sal in hierdie lewe nooit al die antwoorde op ons vrae kry nie, maar wat ons wel weet, is dat God groot en goed is. Dat Hy barmhartig is.

Job het geleer: Dit is beter om God te ken as om die antwoorde op al ons vrae te ken. As ons dit verstaan, dan verstaan ons die boek Job. Ons moet vrede maak met die feit dat ons nooit in hierdie lewe God se optrede ten volle kan verstaan nie. Ons sal nooit al die antwoorde hê nie. Maar wat ons wel weet: Ons behoort aan God. God wat groot en goed is. God wat barmhartig is. God wat alles vir ons ten beste beskik. God wat vir ons sorg. God wat ons staande hou in beproewings. God wat sy Seun oorgegee het aan die dood in ons plek. God wat deur sy Gees in ons woon.

In sy groot genade en barmhartigheid het God vir Job meer geseën aan die einde as aan die begin. So kan ons in Christus ook uitsien na groter seën as ooit in die lewe hierna!

*Sing: Psalm 66-1:1*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*